basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

## MEI/JUNIE 2025

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 70**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 43 bladsye.**

Goedgekeur:
Dr. D.C. Lawrence
Eksterne Moderator

15 Junie 2025

Goedgekeur:
Mev. A. Venter
Interne Moderator

15 Junie 2025

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

*Kopiereg voorbehou*

**INHOUDSOPGAWE**

Kies TWEE afdelings.


| **AFDELING A: ROMAN**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
|---|---|---|
| **VRAAGNOMMER** | **PUNTE** | **BLADSYNOMMER** |
| 1. *Kringe in 'n Bos* | 35 | 4 |
| | | |
| 2. *Die Ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom* | 35 | 8 |
| | | |
| 3. *Meeulanders* | 35 | 12 |
| | | |
| 4. *Lien se Lankstaanskoene* | 35 | 17 |
| **AFDELING B: DRAMA**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| 5. *Poppie – Die Drama* | 35 | 22 |
| | | |
| 6. *Paljas* | 35 | 26 |
| | | |
| 7. *Fiela se kind – Die Drama* | 35 | 30 |
| **AFDELING C: KORTVERHALE**<br><br>**Beantwoord vrae oor AL TWEE kortverhale.** | | |
| 8.1 "Die droom" | 18 | 35 |
| **EN** | | |
| 8.2 "Die vlek" | 17 | 38 |
| **AFDELING D: GEDIGTE**<br><br>**Beantwoord vrae oor AL TWEE gedigte.** | | |
| 9.1 "Wetenskapmannetjies" | 18 | 40 |
| **EN** | | |
| 9.2 "Haar uitvaart" | 17 | 41 |


DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**NASIENRIGLYNE**

- As 'n kandidaat in AFDELING A en B meer as EEN vraag beantwoord het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en 'n streep word deur die tweede vraag getrek.
- Indien net TWEE vrae in EEN afdeling beantwoord is, word slegs die eerste vraag nagesien.
- As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.
- As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyne nagesien.
- As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word die antwoord as verkeerd beskou. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word die antwoord as korrek beskou. Indien die woord 'n dialekvorm is, word dit aanvaar.
- By aanhalings word spelfoute en leestekenfoute nie gepenaliseer nie, maar die woordorde moet korrek wees.
- As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie. As JA/NEE gestel is, moet die motivering daarby aansluit om die punt te verdien.
- Indien die kandidaat antwoorde met Engelse woorde in gee, druk die Engelse woorde toe en kyk of dit die antwoord beïnvloed. Indien nie, sien die antwoord na. 'n Uitsondering is die Engelse terminologie of woordeskat in die voorgeskrewe werke.
- Indien vergelyking, innerlike konflik, kontras, ooreenkoms, verskil, verband, ironie, sluit aan of verandering gevra word, verdien die kandidaat 1 punt indien slegs EEN kant korrek gestel word, bv. verskil in karakters en leerder dui EEN karakter se eienskap korrek aan, maar by tweede karakter verkeerde logiese verskil, verdien leerder slegs EEN punt en 2 punte indien albei kante gestel word. Indien die kandidaat se antwoord die verskil na beide kante omskryf, m.a.w. die EEN antwoord sluit beide kante in, word 2 punte toegeken.
- Indien 'n verduideliking gevra word, moet die denkprosesse van die kandidaat gevolg word om te bepaal of die antwoord gegee is. Moenie slegs die eerste sin nasien nie. Indien 'n feitefout die argument beïnvloed of omvergooi, word daar nie verder gelees nie. Indien die feitefout onbenullig is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
- By aanhalings moet opdragte uitgevoer word, byvoorbeeld EEN WOORD beteken slegs EEN woord. Dit kan uitgelig word (aanhalingstekens, hoofletters, geglim of onderstreep).
- Indien die kandidaat twee of meer feite moet gee, kan dit in ('n) sin(ne) of met kolpunte gegee word. Sien eerste twee feite na ongeag horisontaal of vertikaal.



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE

## AFDELING A: ROMAN

### VRAAG 1: *KRINGE IN 'n BOS* – Dalene Matthee

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1.1 | Sara | 1 |
| 1.1.2 | masels/die godsiekte | 1 |
| 1.1.3 | Meulbos | 1 |
| 1.1.4 | koning/leier(olifant) | 1 |
| 1.2 | C/verleë gevoel het dat Kate met hom gepraat het. | 1 |
| 1.3.1 | ('n) Vergelyking | 1 |
| 1.3.2 | • Kate het vir Saul baie mooi/pragtig/asemrowend gelyk.<br>• Saul het vir Kate bewonder.<br>• Saul is in verwondering/vervoering oor Kate se voorkoms.<br>• Saul het nog nooit iemand gesien wat so mooi was nie.<br>• Saul het gedink dit is hoe 'n engel in die hemel moet lyk.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.4 | Die boskinders ...<br>• het nie skoolgegaan nie/formele onderrig gehad nie.<br>• moes vroeg saam met die gesin begin werk/begin houtkap/patat plant en werk in die huis doen.<br>• het Nederlands/(kitchen) Dutch gepraat/kon nie Engels praat of verstaan nie.<br>• was baie arm/het swaargekry/het in opslaanhuise gebly.<br>• se pa's was houtkappers.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>Die dorpskinders ...<br>• het skoolgegaan/formele onderrig gehad.<br>• het nie gewerk/kinderarbeid verrig nie/het huiswerkers/slawe gehad.<br>• het neergesien op mense wat Nederlands/(kitchen) Dutch gepraat het.<br>• was ryk/het genoeg gehad om van te lewe/het in goed geboude huise gewoon.<br>• se pa's het gewoonlik besighede besit.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

| | | |
|---|---|---|
| 1.5 | Die dorpskinders het …<br>• die houtkappers se kinders/houtkappers nie geken nie.<br>• nie moeite gedoen om hulle te leer ken nie.<br>• die houtkappers se kinders geoordeel/neergesien op hoe hulle lyk.<br>• agter hul ouers aangepraat.<br>• bevooroordeeld opgetree teenoor die kinders wat anders as hulle gelyk/geklink het.<br>• die boskinders eintlik beledig.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.6 | Saul het …<br>• by MacDonald gaan werk/as houtkneg gaan werk.<br>• in MacDonald se houtskuur geslaap.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.7 | Saul en Kate …<br>• het vriende geword.<br>• het hulle wêrelde met mekaar gedeel.<br>• het by mekaar geleer.<br>• het mekaar se Sondae spesiaal gemaak.<br>• kon met mekaar praat oor die goud wat in die Bos ontdek is.<br>• kon oor die boeke praat wat Kate gebring het.<br>• was mekaar se emosionele ondersteuning.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.8.1 | D/… het op Kersdag met Saul baklei en gesê dat Saul teen sy eie mense gedraai het. | 1 |
| 1.8.2 | A/… het geskree nadat hy verneder gevoel het oor Saul se optrede teenoor hom. | 1 |
| 1.8.3 | E/… het Saul 'n pakslae gegee omdat hy die houtkappers beledig het oor wat hulle aan die Bos doen. | 1 |
| 1.8.4 | B/… het Saul beledig deur te sê dat hy nie gelyk in twee wêrelde kan leef nie. | 1 |
| 1.9 | Die skrywer …<br>• laat Saul twyfel oor hulle identiteit/wie hulle is/waar hulle in die samelewing inpas.<br>• herhaal die woord "Pa" (omdat hy regtig die antwoord wil hê oor wie hulle is).<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

| | | |
|---|---|---|
| 1.10 | Saul se pa/Joram het ...<br>• vir sy seuns gewys hoe om hard te werk.<br>• sy seuns alles oor bome/plante/die Bos/houtkap geleer.<br>• op sy eenvoudige manier vir sy gesin gesorg.<br>• die familietradisies oorgedra.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.11 | • Patterson het vir Saul geleer hoe om goud te delf.<br>• Arend het in 'n geroeste perdeskoen getrap.<br>• Saul het die nuus gekry dat sy pa, Joram Barnard, dood is.<br>• Saul het vir Crompton en Morris "besigheid" by Walker & Berg gaan haal.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 1.12.1 | onseker | 1 |
| 1.12.2 | Die laaste keer toe hulle mekaar gesien het, ...<br>• was Kate ontsteld omdat sy Kaap toe moes gaan.<br>• het Saul geweier om vir Kate in die Bos te gaan wegsteek.<br>• het Kate vir Saul gesê dat sy hom haat.<br>• was Saul kwaad omdat sy nie teen haar pa opgestaan het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 1.12.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 1.12.2 te verdien.)* | 1 |
| 1.13.1 | • Die delwers<br>• Die vroue (en kinders)/gesinne van die delwers.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.13.2 | • Niemand het die mense gedwing om die pad tot in Meulbos aan te durf nie.<br>• Die pad na Meulbos was so sleg dat mense verkies het om eerder te kruip.<br>• Die ryk mense wat hulle hoog gehou het, sou deur die slegte pad nederig gemaak word.<br>• Mense sou hulp nodig hê om bo uit te kom.<br>• Hulle het hierdie pad gekies omdat geld hulle gelok het, hy het nie die keuse vir hulle gemaak nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.14 | Saul ...<br>• wou net die Bos teen vernietiging beskerm.<br>• wou nie hê dat goeie bome afgekap word nie.<br>• was bereid om vir die delwers te leer watter hout vuurmaakhout is.<br>• het slegs die delwers verjaag as hulle te naby sy eie gebied gekom het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE

| | | |
|---|---|---|
| 1.15 | Kate bedoel dat Saul kwaad/humeurig/buierig/vies/omgekrap/ ongelukkig oor die rifgoud was.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.16.1 | ironies | 1 |
| 1.16.2 | Saul het ...<br>• geweet Kate wou by hom wees/sou eendag sy blyplek wou sien/was nuuskierig.<br>• gehoor dat sy in die Bos kom skoolhou.<br>• geweet Kate wou nog altyd deel van die Bos/Saul se wêreld gewees het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 1.16.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 1.16.2 te verdien.)* | 1 |
| 1.17 | • Saul wou nie ander mense in die Bos gehad het wat vir die verkeerde redes daar was nie.<br>• Saul was moeg vir mense wat nie die Bos gerespekteer/ waardeer het nie.<br>• Saul was geïrriteerd omdat hierdie mense nie die Bos/tradisies van die Bos geken het nie/net geld uit die Bos wou maak.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.18 | C/hoop vir | 1 |
| 1.19.1 | Saul sou ...<br>• sy eie erf in die dorp kon besit.<br>• sy houtbesigheid kon begin.<br>• nie meer deur MacDonald afgepers kon word nie.<br>• geleenthede aan sy familie/die houtkappers kon bied.<br>• geld kon verdien.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.19.2 | Ek het geleer dat ...<br>• dit altyd moontlik is om 'n plan te maak as jy net bietjie dink.<br>• 'n mens geleenthede moet aangryp as jy dit raaksien.<br>• jy nie moet toelaat dat iemand/jou ouers/ander mense jou afpers/onderdruk nie.<br>• indien jy iemand liefhet/by iemand wil wees, jy moet kanse waag/opofferinge maak/soms jou ouers teëgaan.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.19.3 | Saul kon ...<br>• vir hulle werk gee.<br>• hulle met geld betaal.<br>• weer vrede/rustigheid in die familie bring.<br>• Jozef kry om in te stem om hout aan hom te verkoop.<br>• Izak leer om meubels te maak.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE

## VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.1.1 | aangelapte/gekompliseerde/komplekse/ongewone/vreemde | 1 |
| 2.1.2 | Tibo | 1 |
| 2.1.3 | Amerika/Los Angeles | 1 |
| 2.1.4 | alter-ego | 1 |
| 2.2 | D/ongelukkig was met die hele idee om so iets saam te moes doen. | 1 |
| 2.3 | Hulle …<br>• het haar geïrriteer.<br>• was heeltyd in haar spasie./het in haar goed gekrap./nie haar privaatheid respekteer nie.<br>• was selfsugtig./het verwag sy moes alles vir hulle doen.<br>• was altyd laat/ongeorganiseerd.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.4 | • Mana was voorheen met Gavin getroud.<br>• Beyers was die beste man met wie Mana ooit getroud was.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.5.1 | ontevrede | 1 |
| 2.5.2 | Mana het Hanna in die verleentheid gestel, want sy het…<br>• vreemde klere aangetrek.<br>• met verfkwaste in haar hare rondgeloop.<br>• altyd verfmerke op haar gehad.<br>• met esels en skilderye in die kar/'n kar sonder sitplek gery.<br>• anders opgetree as ander ma's.<br>• verkies dat Hanna/haar kinders haar op haar naam noem.<br>• teen alle konvensies in opgetree.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 2.5.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 2.5.2 te verdien.)* | 1 |
| 2.6.1 | ('n) Vergelyking | 1 |
| 2.6.2 | • Hulle het geen orde nie.<br>• Daar is chaos.<br>• Almal soek na hulle goed/weet nie waar hulle goed is nie.<br>• Hulle hardloop verward heen en weer/rond.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE

| | | |
|---|---|---|
| 2.7 | Die Heks van Endor/een van die bure het ...<br>• haar nie in die erf toegelaat nie.<br>• Hanna geïgnoreer toe sy haar geroep het.<br>• haar met 'n pantoffel teen die kop gegooi.<br>• 'n pantoffel agter Hanna aangegooi toe sy al in die straat was.<br>• op Hanna geskree.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.8 | Hanna en Margot het ...<br>• mekaar leer ken.<br>• waardering vir mekaar se talente gekry.<br>• saam Hanna se vyftiende verjaarsdag geniet.<br>• saamgewerk tydens die baba se geboorte.<br>• mekaar vertrou om die verhaallyn van Hanna se boek te bespreek.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.9.1 | C/... het ongelukkigheid gebring deur nie Hanna se privaatheid en besittings te respekteer nie. | 1 |
| 2.9.2 | A/... kon nie verstaan dat Hanna nie die goeie in ander mense en situasies raakgesien het nie. | 1 |
| 2.9.3 | B/... het ongelukkig geraak oor Hanna wat wou hê alles om haar moes normaal wees. | 1 |
| 2.9.4 | E/... het ongelukkigheid veroorsaak deur nie moeite te doen met Hanna en ander mense nie. | 1 |
| 2.10 | Die skrywer ...<br>• laat Hanna baie vrae vra.<br>• het haar sarkasties laat lag.<br>• maak gebruik van baie uitroeptekens/die ellips/beletselteken/ beklemtoning van woorde.<br>• se herhaling van/fokus op die woord "ek".<br>• fokus op haar gedagtes oor die eetstaking/en aksies wat nie ooreenstem nie.<br>• gebruik oordrewe taal om die gebeure te beskryf.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

| | | |
|---|---|---|
| 2.11 | Beyers het …<br>• 'n goeie verhouding met al die kinders gehad.<br>• het albei ma's/Gavin met respek behandel/nie 'n wrok teenoor Margot gehad nie.<br>• positiewe aktiwiteite op die berg gereël.<br>• die positiewe in almal raakgesien/almal aanvaar soos hulle is.<br>• almal ondersteun met wat hulle gedoen het/waarin hulle belang gestel het.<br>• gelag al was daar nie altyd iets om oor te lag nie.<br>• dankbaarheid gewys vir almal se hulp tydens Ditjie se geboorte.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.12 | • Beyers en Mana het 'n huis in Kaapstad gekoop.<br>• Hanna het spesiale geskenke vir haar vyftiende verjaarsdag gekry.<br>• Sharon se pa het 'n helikopter gestuur om die gesin te red.<br>• Hanna het besluit om haar eie lewensverhaal te skryf.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br><br>1<br>1 |
| 2.13 | • Dit verwys na iemand wat dramaties/ooremosioneel optree/ die middelpunt van aandag wil wees/verfynd optree.<br>• Dit verwys na iemand wat spesiale behandeling wil kry.<br>• Dit verwys na Gavin wat gay is.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.14.1 | Margot/Yann en Amos se ma/Beyers se eks | 1 |
| 2.14.2 | Hanna bedoel Margot …<br>• het voorkeure vir wat sy eet.<br>• eet nie eiers/spek/rooivleis nie.<br>• neem net vitamienpille vir ontbyt.<br>• is gesondheidsbewus.<br>• drink nie koffie of tee nie/net gebottelde water met suurlemoen.<br>• is 'n aërobiese instruktrise en daarom eet sy nie so 'n ontbyt nie/is sy op 'n spesiale dieet.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.15.1 | ironies | 1 |
| 2.15.2 | Hanna …<br>• het Gavin self nie eintlik geken nie.<br>• verdedig haar pa teen Yann, maar sy het hom altyd self gekritiseer.<br>• wou haar pa nie eers by haar partytjie gehad het nie.<br>• het die eerste veertien jaar byna geen kontak met Gavin gehad nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 2.15.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 2.15.2 te verdien.)* | 1 |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE

| | | |
|---|---|---|
| 2.16 | Hanna se houding vroeër. Sy het ...<br>• nie respek vir Gavin as haar pa gehad nie.<br>• nie Gavin se pogings om 'n verhouding te bou, waardeer nie.<br>• kwaad geword omdat Gavin nie daar was vir haar nie.<br>• 'n negatiewe houding teenoor Gavin gehad.<br>• geïrriteerd geraak met al die verkeerde geskenke.<br>• gevoel sy wou hom nie by haar partytjie gehad het nie.<br>• skaam gekry vir hom.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>Hanna se houding nou. Sy het ...<br>• meer respek vir Gavin gekry.<br>• Gavin/sy pogings om 'n verhouding te bou, aanvaar.<br>• gelukkig gevoel omdat Gavin tyd saam met haar deurgebring het.<br>• meer positief teenoor Gavin geword/sy goeie kwaliteite begin raaksien.<br>• dankbaar gevoel oor haar geskenk wat Gavin gebring het.<br>• later dankbaar gevoel dat hy haar partytjie bygewoon het.<br>• hom aanvaar soos wat hy is/trots gevoel op hom.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 2.17 | Mana het ...<br>• geweet Margot het nie 'n ander tyd gehad om te kuier nie.<br>• besef dat Margot haar kinders wou sien/die kinders hul ma wou sien.<br>• geweet Margot sou net vir 'n kort tydjie in Suid-Afrika wees.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.18 | A/aanvaarding | 1 |
| 2.19.1 | • Hulle het aan die kinders die geleentheid gegee om tyd saam met Margot en Gavin deur te bring.<br>• Daar was baie mense wat kon help met die baba se geboorte.<br>• Die gaste het gehelp dat die gesin mekaar kon aanvaar.<br>• Die helikopter kon Beyers en Mana by die hospitaal kry.<br>• Daar was iemand wat by die kinders kon agterbly.<br>• Die gaste het gehelp met die vermaak/aktiwiteite op die berg.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.19.2 | Ek het geleer gesinne moet ...<br>• moeite doen met/vir mekaar.<br>• vir mekaar omgee/mekaar aanvaar.<br>• leer om by mekaar en hul behoeftes aan te pas/mekaar verdra.<br>• mekaar leer ken/dinge saam geniet/doen.<br>• altyd probeer om die negatiewe in iets positiefs te omskep.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE

| | | |
|---|---|---|
| 2.19.3 | • Sharon het Hanna geleer om mense te aanvaar/om nie krities oor alles te wees nie/dankbaar te wees vir die gesin wat sy het.<br>• Margot het al haar vrae oor haar skryftalent beantwoord/Hanna se uiteindelike storie vir haar duidelik gemaak/soektog na 'n genre opgelos.<br>• Gavin het haar laat ophou twyfel aan haar voorkoms/ "a fabulous creature" genoem/gesê dat hy vir haar lief is.<br>• Gavin wou vir haar 'n spesiale naam soos Fabienne gee/het gewys hy aanvaar haar vir wie sy was deur die geskenk wat hy vir haar gegee het.<br>• Gavin was daar vir haar verjaarsdag en dit wys dat hy omgee.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

**VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1.1 | kliniek/inrigting | 1 |
| 3.1.2 | Prof./Alzoon/Prof. Van Keulen/Van Keulen | 1 |
| 3.1.3 | Salamanderbaai | 1 |
| 3.1.4 | drie | 1 |
| 3.2 | A/skuldig te laat voel dat sy op Meeuland was. | 1 |
| 3.3 | Jacob ...<br>• het juis van Salamanderbaai af Meeuland toe gevlug.<br>• was gelukkig/tevrede hier.<br>• se werk was hier/het 'n verantwoordelikheid teenoor die eiland gevoel.<br>• het gevoel dat hy, Elsabet en hulle kind veilig/rustig/weg van die Blanckenbergs kon wees.<br>• het 'n nuwe lewe hier gebou, weg van al die hartseer in Salamanderbaai.<br>• het nuttig/belangrik/man vir sy vrou gevoel hier.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.4.1 | ironies | 1 |
| 3.4.2 | • Tydens Elsabet se dood was sy op pad Meeuland toe (om troos/hulp by een van die Meeulanders te kry).<br>• Toe Elsabet niemand kon kry om mee te praat nie, het sy haar toevlug tot Meeuland geneem.<br>• Meeuland was in die tyd van haar nood/hartseer die enigste veilige plek waarheen sy wou gaan.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 3.4.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 3.4.2 te verdien.)* | 1 |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE

| | | |
|---|---|---|
| 3.5 | As Camilla Calvin ...<br>• het Ryna 'n rykmanslewe gelei.<br>• was Ryna getroud met Vincent.<br>• het Ryna 'n seun/vir Ronnie gehad.<br>• moes Ryna na die Silkwood-kliniek gaan om trauma te verwerk.<br>• het Ryna by die ornitologiese instituut gewerk.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>As Ryna van Rensburg het sy ...<br>• niks gehad nie/'n eenvoudige lewe gelei.<br>• verlief geraak op Jacob.<br>• gehelp om na Janka om te sien./ander kinders versorg/lief gekry.<br>• die trauma verwerk deur naby die aarde te leef./vriende gemaak met mense.<br>• navorsing oor kusvoëls gedoen./'n boek oor kusvoëls geïllustreer.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 3.6.1 | Na Elsabet/Jacob se vrou/Betjie | 1 |
| 3.6.2 | • Dit beteken as die laaste lig nag word.<br>• Dit verwys na Elsabet se lewe wat so ongelukkig was/skemer lewe.<br>• Dit verwys na Elsabet se haarkleur/rooi hare.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.7 | Elsabet ...<br>• se begeerte was om by Fred te wees.<br>• het besef dat sy steeds by Fred wou wees/Fred steeds liefgehad het.<br>• het Fred gevra om haar op Meeuland te kom haal.<br>• het vir Jacob verlaat.<br>• het Meeuland verlaat en in die Salamanderhotel gaan bly.<br>• het vir Janka op die eiland gelos.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.8.1 | D/... het gedreig om iets aan die besoeker te doen omdat daar op sy belangrike dag op die familie se konflik gefokus is. | 1 |
| 3.8.2 | C/... het aggressief opgetree omdat hy nie al die inligting oor sy werksmense ontvang het nie. | 1 |
| 3.8.3 | B/... het aggressief opgetree omdat iemand probeer het om sy herinneringe weg te vat. | 1 |
| 3.8.4 | E/... het gedreig om al die persoon se verkeerde dade aan die mense in Salamanderbaai te vertel. | 1 |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE

| | | |
|---|---|---|
| 3.9 | Attie en Ryna ...<br>• het beste vriende geword/mekaar ondersteun/versorg.<br>• het Jacob en sy karakter baie goed geken/hom aanvaar vir wie hy is.<br>• kon met mekaar oor die kinders praat/die kinders versorg.<br>• kon met mekaar oor emosionele sake/sake van die hart praat.<br>• het saam met die kinders Kersfees beplan.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.10 | • Jason Peters het vir Doreen vertel dat hy op haar verlief was.<br>• Doreen het besluit om vir Reggie te gaan werk.<br>• Ryna het by Salamander-Suid begin skoolhou.<br>• Ryna was kwaad vir Jacob en het in 'n gastehuis gaan woon.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 3.11 | • Jacob het vir Skalla doodgesteek.<br>• Jacob het moord gepleeg/iemand vermoor.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.12 | • Skalla het Jacob se geliefde/vir Magrietjie verkrag.<br>• Jacob se geliefde/Magrietjie het in 'n gestig beland nadat Skalla haar verkrag het.<br>• Jacob se pa het in die tronk beland omdat hy saam met Skalla kreef gesmokkel het.<br>• Skalla het vir Janka raakgeskiet.<br>• Fred het vir Elsabet van Jacob afgerokkel.<br>• Die Blanckenbergs het baie hartseer/probleme in sy lewe veroorsaak.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.13 | Sy het bedoel dat Jacob ...<br>• sonder ander mense kan klaarkom.<br>• nie 'n persoon is wat sosiaal verkeer nie.<br>• slegs gefokus is op sy werk op die eiland.<br>• daarvan hou om alleen te wees.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.14.1 | ('n) Vergelyking | 1 |
| 3.14.2 | • Ryna het gevoel sy kon nou vir Fred die waarheid oor Elsabet se kind vertel.<br>• Ryna kon nou vir Fred konfronteer oor sy verlede.<br>• Dit was asof Elsabet se naam vir haar toestemming/ goedkeuring gegee het om vir Fred die waarheid te vertel/die gesprek verder te voer.<br>• Die herinnering aan Elsabet het haar laat besluit om die regte ding te doen/was 'n teken dat sy die regte ding moes doen.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE

| | | |
|---|---|---|
| 3.15 | Ryna het …<br>• dadelik gehelp met die baba se geboorte al was Jacob so moeilik.<br>• Jacob op die eiland gehelp/met Janka gehelp al wou hy haar nie daar gehad het nie.<br>• Elsabet se vertroueling geword al het sy nie verstaan hoekom Elsabet doen wat sy doen nie.<br>• nooit vir Doreen verwyt oor wat sy gedoen het nie.<br>• vir Jacob belowe om vir hom te wag al het hy moord gepleeg.<br>• Jannerik en Janka versorg na Jacob se vonnis.<br>• nie mense se foute teen hulle gehou/gebruik nie.<br>• vir Jannerik emosioneel bygestaan na Kinnie se dood.<br>• as vertroueling vir die Meeulanders opgetree.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.16.1 | onseker | 1 |
| 3.16.2 | Ryna …<br>• het nie geweet of sy die ooreenkoms tussen haar, Jacob en Jannerik moes verbreek nie.<br>• wou nie die belofte wat hulle by die baba se geboorte gemaak het, verbreek nie.<br>• het nie geweet hoe Fred sou reageer as hy van die jarelange geheim sou uitvind nie/wat die gevolge sou wees nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 3.16.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 3.16.2 te verdien.)* | 1 |
| 3.17 | D/skuldgevoelens | 1 |
| 3.18 | Die skrywer…<br>• laat die leser Fred se skuldgevoelens deur sy woorde/optrede aflei.<br>• gebruik die ellips om Fred se ongeloof oor wat hy hoor, te wys.<br>• laat Fred noem dat hy leeg anderkant uitgekom het/verstyf toe hy hoor wat Ryna hom vertel/bewe van ontsteltenis oor dit wat Ryna hom vertel.<br>• wys hoe Fred met sy oë 'n boodskap probeer oordra.<br>• het jou jammer laat voel vir Fred wat al sy foute bely het.<br>• het Ryna Fred se emosies laat beleef.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.19.1 | Fred …<br>• het nou geweet dat Janka sy dogter is.<br>• kon nou vir Janka sorg sonder om teenoor Elsabet skuldig te voel.<br>• kon 'n kameraad/vertroueling/vriendin in Ryna vind.<br>• kon nou sy hart uitpraat sonder om veroordeel te word.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 3.19.2 | Ek het geleer dat … | 1 |



DL AV
DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE

| | | |
|---|---|---|
| | • die waarheid jou vry maak.<br>• geheime altyd hartseer/onsekerheid bring.<br>• geheime baie mense se lewens negatief kan beïnvloed.<br>• geheime net goed is as dit mense nie seermaak nie.<br>• die waarheid altyd uitkom.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | |
| 3.19.3 | • Fred het aan die einde van die roman vir Janka van die hospitaal af huis toe gebring.<br>• Fred kon deel wees van die feesvieringe van Janka se tuiskoms.<br>• Fred kon sy vaderlike plig uitvoer, 'n geleentheid wat hy nie sou gehad het nie.<br>• Fred kon probeer om reg te maak vir die foute/keuses van sy verlede.<br>• Fred kon sy lewe probeer regmaak.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE* – Derick van der Walt

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.1.1 | vier/4 | 1 |
| 4.1.2 | drink/alkohol misbruik/om haar werk/kinders af te skeep/wyn drink | 1 |
| 4.1.3 | tannie Bets | 1 |
| 4.1.4 | koffiewinkel/teetuin/restaurant/eetplek/*coffee shop* | 1 |
| 4.2.1 | Roos | 1 |
| 4.2.2 | Sy bedoel dat Johnny nie meer daar bedel/by die motoriste vra vir geld nie.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.3 | • Sue-Ellen het (vroeg) teruggekom (na haar baba se geboorte).<br>• Die werk was van die begin af net tydelik totdat Sue-Ellen terugkom.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.4 | B/hom blameer het dat hulle gesin nou al vir twee jaar so sukkel. | 1 |
| 4.5.1 | moes doen | 1 |
| 4.5.2 | Lien het …<br>• onthou dat hulle nie kos het nie/die geld nodig het vir baie dinge by die huis.<br>• geld nodig vir 'n vliegtuigkaartjie/Braam se beenskutte.<br>• besef dat sy nie eintlik 'n keuse gehad het nie/hulle huislike omstandighede maak dat sy moet bedel.<br>• besef dit is of bedel of ander werk gaan soek.<br>• gesien dat sy geld kon maak deur te bedel.<br>• bedel gesien as 'n uitkoms vir haar probleem.<br>• het haar werk (by Millenium Creations) verloor en nie 'n inkomste gehad nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 4.5.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 4.5.2 te verdien.)* | 1 |
| 4.6 | Lien het vir Braam gewys dat 'n mens …<br>• nie moed moet opgee sonder om te probeer nie.<br>• nie te goed is vir enige werk nie.<br>• altyd 'n manier kan kry om by te dra. *(Voorbeelde kan genoem word, bv. om kos te koop/huur te betaal.)*<br>• altyd moet probeer vir iets beters.<br>• jou deel moet doen al is dit nie maklik nie.<br>• 'n uitweg vir probleme kan probeer vind.<br>• moet saamwerk.<br>• nie net aan jouself moet dink nie.<br>• 'n ouerrol kan vertolk/jou ma se plek kan inneem.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE

| | | |
|---|---|---|
| 4.7 | Lien se lewe by die skool. Lien ...<br>• is 'n matriekleerder.<br>• moet na die onderwysers luister.<br>• is tussen ander jongmense/tieners.<br>• dra 'n skooluniform.<br>• meng nie met die ander kinders nie/het nie maklik maats gemaak nie.<br>• speel toneel omdat sy daarvan hou.<br>• kan net op haar skoolwerk fokus.<br>• was gereeld afwesig by die skool.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>Lien se lewe op straat. Lien ...<br>• is die broodwinner vir haar gesin.<br>• is haar eie baas.<br>• is tussen volwassenes/bedelaars.<br>• dra 'n pruik en ou rok van haar ma (as vermomming).<br>• sit saam met Tibbey en Roos en eet middagete/gesels.<br>• speel toneel omdat sy nie herken wil word nie/nie 'n ander keuse gehad het nie.<br>• se fokus is oorlewing.<br>• was gereeld op straat om te bedel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 4.8.1 | ironies | 1 |
| 4.8.2 | • Wouter was Lien se beste vriend/het haar altyd ondersteun/ gehelp.<br>• Lien kon Wouter vertrou met haar redes om te bedel.<br>• Wouter het vir Lien 'n groot fooitjie gegee vir haar fonds.<br>• Lien het alles met Wouter gedeel/oor alles met Wouter gepraat.<br>• Lien het self vir Wouter van die Joostes/haar pa se skandes vertel.<br>• Wouter sou verstaan het.<br>• Wouter sou haar ondersteun/gehelp het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 4.8.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 4.8.2 te verdien.)* | 1 |
| 4.9 | Die skrywer ...<br>• sê dat Lien soos 'n hond voel.<br>• vergelyk Lien se skuldgevoel met 'n hond wat jammer is.<br>• gebruik 'n vergelyking/beeldspraak/figuurlike/konnotatiewe taal.<br>• sê dat Lien nie eers gekyk het na wat die mense gee nie.<br>• verduidelik dat Lien net op die munte/gewig van die munte gefokus het en nie op die mense in die motors nie/nie oogkontak gemaak het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE

| | | |
|---|---|---|
| 4.10 | Lien en Tibbey ...<br>• het vriende geword/soos familie vir mekaar geword.<br>• het mekaar in moeilike tye ondersteun/se steunpilare geword.<br>• het mekaar in die bedelproses ondersteun.<br>• kon mekaar teregwys/by mekaar leer.<br>• kon saam heel word.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Voorbeelde van hoe hulle mekaar gehelp het kan gegee word.)* | 1 |
| 4.11 | Lien ...<br>• het haar heeltyd bekommer oor haar ma.<br>• se tienerlewe het stilgestaan.<br>• moes haar ma se skoene volstaan/is geforseer om 'n grootmensrol te vervul/moeilike besluite te neem.<br>• moes skaam kry vir haar ma voor ander mense.<br>• het gaan werk/bedel/die broodwinner geword.<br>• moes na Braam omsien.<br>• was nie gemaklik om vriende huis toe te nooi nie.<br>• het besef dat dit al hoe slegter by hulle huis gaan.<br>• se ma het haar werk verloor as gevolg van haar drinkery.<br>• was in matriek en het haar ma nodig gehad.<br>• se ma was dronk/geel en gelukkig.<br>• se ma het haar kinders afgeskeep/nie vir hulle gesorg nie/was nie meer 'n "ma" nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.12 | • Christien Jooste het die eerste keer na die kliniek toe gegaan.<br>• 'n Trok het oor Tibbey se bene gery.<br>• Lien het weer by Millennium Creations gaan werk.<br>• Lien het vir Roos en Tibbey na die toneelopvoering genooi.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 4.13 | Lien het ...<br>• gesien dat Kuifie/die dominee/Gerhard haar herken het.<br>• gesien hoe Kuifie/die dominee/Gerhard vir haar sit en kyk.<br>• geweet dat sy herken/uitgevang is.<br>• geweet sy sal nou met Kuifie/die dominee/Gerhard moet praat.<br>• besef dat sy in Kuifie/die dominee/Gerhard se kar sou moes klim.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.14 | Kuifie/die man in die motor ...<br>• was hulle dominee.<br>• het hulle al in hulle woonstel besoek.<br>• het al by sy huis met Lien oor hulle gesin se probleme gepraat.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED

| | | |
|---|---|---|
| 4.15 | Lien het geweet dat …<br>• Kuifie haar nie net daar op die straathoek gaan los nie.<br>• dit haar niks sal baat om met Kuifie te stry nie.<br>• dit haar nie gaan baat om hardkoppig te wees nie.<br>• Kuifie haar nie gaan toelaat om daardie dag verder te bedel nie.<br>• sy nie gaan wegkom sonder om met hom te praat/te verduidelik nie.<br>• Kuifie nie gaan ry as sy nie in die motor klim nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.16.1 | E/… het Lien ontstel deur te dink dat Lien nie haar talente wil gebruik nie. | 1 |
| 4.16.2 | C/… het Lien verkeerd hanteer deur te dink dat Lien aspris foute gemaak het omdat sy nie daar wou wees nie. | 1 |
| 4.16.3 | A/… het Lien ontstel deur te sê dat sy nie altyd 'n aangename en vriendelike mens was nie. | 1 |
| 4.16.4 | B/… het Lien ontstel deur te dink dat sy iemand was wat sy nie is nie. | 1 |
| 4.17 | D/hoop. | 1 |
| 4.18.1 | ('n) Vergelyking | 1 |
| 4.18.2 | Kuifie …<br>• is so trots op sy baba.<br>• het soos 'n medaljewenner gevoel omdat hy 'n pa is.<br>• het gedink hy het die mooiste/oulikste/wonderlikste baba.<br>• het baie van sy baba gehou.<br>• se baba het hom soos 'n wenner laat voel.<br>• se baba is vir hom soveel werd as 'n medalje vir iemand anders by die Olimpiese Spele.<br>• het sy baba as die beste prys ooit gesien.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.19.1 | Lien …<br>• het nie meer nodig gehad om te bedel nie.<br>• kon elke dag by die skool wees.<br>• kon weer 'n werk by Millennium Creations aanvaar.<br>• was meer ontspanne.<br>• het verlig gevoel dat sy nie meer al die verantwoordelikheid gehad het nie./kon net weer kind wees.<br>• het gevoel daar is tog goeie mense/dinge in die wêreld.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15

| | | |
|---|---|---|
| 4.19.2 | Ek het geleer dat ...<br>• 'n mens moet weet wanneer om jou trots in jou sak te steek en hulp te aanvaar.<br>• jy moet aanvaar dat nie almal se intensies sleg is nie.<br>• jy nie hoef skaam te wees om die gemeenskaporganisasies/ kerk se hulp te aanvaar nie.<br>• jy soms vir ander mense 'n kans moet gee en nie almal moet wantrou nie.<br>• ek moet boekhou/bewus wees van my uitgawes.<br>• alles nie noodwendig my skuld is nie, maar die van my omstandighede.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.19.3 | • Lien het opgehou bedel en kon haar matriek/graad 12 voltooi en gaan (drama) studeer.<br>• Lien kon net deeltyds by Millennium Creations werk; dus kon sy op haar studies fokus.<br>• Indien Lien nie die kerk se hulp aanvaar het nie, sou sy nie drama kon gaan studeer nie/haar passie uitgeleef het nie/ moontlik nie matriek geslaag en universiteit toe kon gaan nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **35** |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## AFDELING B: DRAMA

## VRAAG 5: *POPPIE, DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.1.1 | Stone | 1 |
| 5.1.2 | Philippi | 1 |
| 5.1.3 | vier/4 | 1 |
| 5.1.4 | extention/verlenging | 1 |
| 5.2 | • Bhuti Plank se pas was nie reg nie/het nie 'n pas gehad nie.<br>• Die soldate het almal gevang en geslaan wie se paste/passe nie reg was nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 5.3.1 | ironies | 1 |
| 5.3.2 | • Die kinders moes bhuti Plank eintlik jammer gekry het.<br>• Bhuti Plank het weggekruip om homself te beskerm.<br>• Die hele gemeenskap is negatief deur die regering se wette beïnvloed.<br>• Die wette het dit vir almal moeilik gemaak, insluitend die kinders.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 5.3.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 5.3.2 te verdien.)* | 1 |
| 5.4 | D/haar moedeloosheid met die situasie beleef. | 1 |
| 5.5.1 | • Die staking oor die paswette.<br>• Die staking toe die mense hulle paste/passe voor die polisiestasies verbrand het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 5.5.2 | Poppie ...<br>• het bedoel dat die stakings/paswette nie die kinders geraak het nie.<br>• het gesê dat die kinders nie die gevaar verstaan wat die stakings ingehou het nie.<br>• het genoem dat die kinders nie die erns van die saak verstaan het nie.<br>• het bedoel dat die stakings en wat gebeur eintlik 'n grap/iets snaaks vir die kinders is, maar vir die grootmense is dit iets ernstig.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE

| | | |
|---|---|---|
| 5.6 | Poppie het …<br>• nie vir bhuti Plank gelag/hom laat sleg voel omdat hy nie die wet gehoorsaam het nie.<br>• bhuti Plank probeer beskerm teen Jakkie en die ander kinders se gekoggel.<br>• Jakkie en die ander kinders aangespreek oor hulle disrespek teenoor hulle bhuti/ouer mense.<br>• jammer gevoel vir bhuti Plank en hom probeer beskerm.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 5.7 | • Kinders sal altyd lag oor vreemde/snaakse situasies.<br>• Die kinders het nie regtig die erns van die saak verstaan nie.<br>• Mens maak nie sulke dreigemente nie.<br>• Sulke dreigemente lei daartoe dat hulle hulle respek vir grootmense verloor.<br>• Sulke dreigemente maak kinders net meer moedswillig.<br>• Die kinders is heeltyd aan geweld blootgestel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 5.8 | Die dramaturg wou …<br>• die ouderdomme van die kinders beklemtoon./die aantal kinders wat betrokke was, aandui.<br>• die leser/luisteraar se aandag fokus op hoe jonk die kinders was.<br>• benadruk van watter jong ouderdom af die kinders al hulle respek vir ouer mense verloor het.<br>• die aandag daarop vestig dat die kinders van so 'n jong ouderdom af al aan die brutaliteit van die wet blootgestel was.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 5.9.1 | C/… was gedetermineerd om die versorger van die gesin te wees. | 1 |
| 5.9.2 | E/… was kwaad omdat Poppie nie kon insien dat die paswet haar altyd gevange sou hou nie. | 1 |
| 5.9.3 | D/… was woedend en het besluit om die reg in sy hande te neem. | 1 |
| 5.9.4 | A/… is geslaan omdat hy altyd probeer het om 'n grap van hartseer sake te maak. | 1 |
| 5.10 | • Stone is in die hospitaal opgeneem omdat hy siek geword het.<br>• Poppie het vir Stone vertel dat Bonsile 'n meisie swanger gemaak het.<br>• Poppie het besluit om van die Ciskei af terug te gaan Kaap toe.<br>• Kort voor Kersfees het Vukile by Poppie in die Kaap kom bly.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br><br>1<br>1 |
| 5.11 | • Jakkie was Poppie se jongste/lieflingboetie.<br>• Jakkie was familie van Poppie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE

| | | |
|---|---|---|
| 5.12 | Jakkie is (vir die eerste keer) gearresteer (omdat hy betrokke by opstande was).<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 5.13.1 | ('n) Metafoor | 1 |
| 5.13.2 | Dit verwys na ...<br>• iemand wat die verkeerde dinge doen/dinge doen wat nie reg is nie/mense leed aandoen/hulle verlekker in ander se swaarkry en ellende.<br>• mense wat ander mense kwaad wil maak/skade wil aandoen.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 5.14 | • Jakkie sê dat Plank in sy eie wêreld vasgekeer is.<br>• Plank dink net aan drank.<br>• Plank sien nie dat die drank hom en die ander mense in onderdrukking hou nie.<br>• Plank hardloop weg van die realiteit af.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 5.15 | C/die vryheid wat almal graag wou hê. | 1 |
| 5.16.1 | onseker | 1 |
| 5.16.2 | Poppie is onseker, want ...<br>• sy het gevoel Jakkie en die ander kinders moes Plank nie so hanteer/behandel nie.<br>• sy kon nie glo dat die Here op so 'n manier met die kinders sou werk nie.<br>• sy het gevoel dat dit oneerbiedig/onbeleefd teenoor die ouer mense is.<br>• sy het gevoel dat dit nie die kinders se plek was om so op te tree nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 5.16.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 5.16.2 te verdien.)* | 1 |
| 5.17 | Poppie se kinders in Herschel ...<br>• was weg van die riots/opstande/marches af.<br>• is nog geleer om die ouer mense te respekteer/waardes geleer.<br>• was weg van die gevare waarmee die stadskinders moes saamleef.<br>• kon skoolgaan.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>Poppie se kinders in die Kaap ...<br>• moes opstaan vir hulle regte./se lewens was daagliks in gevaar.<br>• het hul respek vir ouer mense verloor.<br>• was in die middel van die riots/opstande/marches.<br>• was blootgestel aan kinders wat nie skool toe gaan nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE

| | | |
|---|---|---|
| 5.18 | Haar broers het haar…<br>• bygestaan toe sy Kaap toe moes trek.<br>• gehelp toe sy vir Stone verloor het.<br>• kinders/Vukile opgepas toe sy moes gaan werk het.<br>• gehelp om sin te maak van Jakkie se situasie<br>• gehelp om te verstaan van Jakkie wat haar kinders by sy probleme betrek het.<br>• gehelp om sterk te staan toe alles in haar lewe in duie gestort het.<br>• advies gegee oor die paswette.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 5.19.1 | Poppie …<br>• se kinders het nie seergekry nie.<br>• se kinders is vrygelaat.<br>• se kinders het nie 'n rekord by die polisie gehad nie.<br>• se broer, Jakkie, kon oor die grens vlug, weg van haar kinders en die polisie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 5.19.2 | Ek het geleer dat …<br>• ek nie lukraak betrokke moet raak by dinge wat groter as ek is nie.<br>• riots nie probleme oplos nie, maar meer probleme in families en gemeenskappe bring.<br>• ek aan die negatiewe gevolge van riots moet dink.<br>• as jou naam een keer vir verkeerde goed by die polisie is, gaan hulle jou dophou.<br>• jy nie jou opvoeding moet ignoreer om ander te beïndruk nie.<br>• ek moet veg vir wat reg is.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 |
| 5.19.3 | • Poppie was dankbaar dat haar kinders nie seergekry/ seergemaak is nie.<br>• Poppie het tot God gebid om te bewys dat sy nie die moeilikheid gesoek het nie/nie haar kinders aangemoedig het om daarby betrokke te raak nie/dit net gebeur het.<br>• Poppie het besef dat net die Here, nie die riots/Jakkie haar kinders se weë kan bepaal nie.<br>• Poppie het gewonder of dit wat met haar kinders gebeur het haar skuld was omdat sy van die Here se pad afgewyk het.<br>• Poppie het besef die kinders se optrede is uit haar hande.<br>• Poppie wou hê die Here moes die mense van Afrika seën sodat hulle kon leer om in vrede te leef.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15

## VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.1.1 | McDonald | 1 |
| 6.1.2 | Karoo | 1 |
| 6.1.3 | jaloers | 1 |
| 6.1.4 | paljas | 1 |
| 6.2 | Hendrik ...<br>• karring aan Emma oor haar verhouding met Nollie.<br>• probeer weer vir Nollie aan Emma afsmeer.<br>• lewer weer kommentaar oor Nollie en Emma se verhouding.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.3 | C/se ongelukkigheid hom die hele tyd gespanne laat voel het. | 1 |
| 6.4 | Hendrik ...<br>• het Willem probeer dwing/met hom geraas om dinge te doen wat hy nie wou nie/om te praat.<br>• het Willem skaam en skugter laat voel/nie sy eie ding laat doen nie.<br>• het Willem angstig laat voel/sy spraakprobleem vererger.<br>• het nie omgegee om met Katrien voor Willem te baklei nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>Manuel ...<br>• het Willem toegelaat om te beduie/dieretaal te praat/nie geforseer om te praat nie.<br>• het Willem gelukkig/'n kind/laf laat voel.<br>• het Willem toegelaat om spontaan te wees.<br>• het Willem rustig/kalm/besig gehou.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 6.5.1 | Emma | 1 |
| 6.5.2 | Emma ...<br>• is nog nie reg om in 'n verhouding te wees nie.<br>• is nog jonk/onskuldig.<br>• is nie gemaklik om oor seuns/mans met haar ouers te praat nie.<br>• hou nie daarvan dat Hendrik so oor haar en Nollie praat voor Nollie nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.6.1 | net sy eie kop sal volg | 1 |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE

| | | |
|---|---|---|
| 6.6.2 | Katrien het geweet ...<br>• Hendrik sou weer in beheer van sake wou wees/nie bevraagteken wou word nie.<br>• Hendrik hou nie daarvan as mense van hom verskil nie.<br>• Hendrik is nie iemand wat ander se opinies kan insien nie.<br>• Hendrik sien niks verkeerd met hoe dinge tans in sy gesin verloop nie.<br>• sy wou nie verdere moeilikheid veroorsaak nie<br>• Hendrik gaan kwaad word as sy terugpraat.<br>• sy ken Hendrik goed genoeg om te weet hoe hy sou reageer.<br>• Hendrik kry altyd die laaste woord in/sou nie ophou nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 6.6.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 6.6.2 te verdien.)* | 1 |
| 6.7 | • Dit wat tussen gesinslede/agter toe deure gebeur, het niks met mense buite die gesin te make nie.<br>• Nollie het nie nodig om te weet dat Emma se tannie 'n oujongnooi is nie/van Hendrik se vrese oor Emma se toekoms nie.<br>• Dit is nie reg dat Hendrik oor sy huweliksprobleme voor Nollie praat nie.<br>• Hendrik stel Katrien (en Emma) in die verleentheid deur oor privaatsake te praat.<br>• Nollie was nie deel van die gesin nie.<br>• Hendrik moes gesins-/familieprobleme met sy gesin bespreek, nie met Nollie nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.8 | Nollie het ...<br>• probeer om die vrede in die huishouding te bewaar.<br>• het goeie maniere gehad.<br>• probeer om altyd sy beste voetjie voor te sit as hy by die McDonalds kuier.<br>• nie homself uitgespreek oor Hendrik se swak gedrag nie omdat hy respek vir Hendrik gehad het.<br>• die kind/Willem in hierdie situasie beskerm.<br>• gevoel 'n jong kind/iemand wat alreeds so swaarkry soos Willem behoort nie in so 'n gesprek te wees nie.<br>• Willem/sy probleem/spanning raakgesien.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.9.1 | E/... het Hendrik woedend gemaak omdat hy sy werksplek beledig het. | 1 |
| 6.9.2 | D/... het Hendrik laat ontplof omdat hy geglo het hy dra by tot Katrien se wens om van die stasie af weg te kom. | 1 |
| 6.9.3 | A/... het Hendrik vies gemaak omdat daar valse gerugte oor Willem en duiwelsdinge vertel is. | 1 |
| 6.9.4 | B/... het Hendrik ontstel omdat daar nooit gevra is wat hulle kant van die saak is nie. | 1 |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15

| | | |
|---|---|---|
| 6.10 | • Hendrik het Willem na Oudokter toe gevat vir 'n ondersoek.<br>• Die blou oorkrabbers het konflik tussen Hendrik en Katrien veroorsaak.<br>• Hendrik het Katrien gekomplimenteer omdat sy so mooi lyk.<br>• Emma het daarop aangedring dat die gesin van nou af oor belangrike dinge praat.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br><br>1<br>1 |
| 6.11.1 | ('n) Metafoor | 1 |
| 6.11.2 | • Hy bedoel dat Willem stuitig/skelm/'n skurk is (omdat hy geld soek om toertjies te doen).<br>• Hy wil (baie) geld/'n vyf rand (in plaas van 'n drie rand of vier rand) hê om toertjies te doen.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.12 | A/trots op | 1 |
| 6.13 | Dit beteken dat Willem hulle gaan kul/'n rat voor die oë draai/flous.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.14 | Willem het ...<br>• die brood vir Manuel/sy geheime vriend gevat.<br>• die brood skuur toe gevat.<br>• dit buite op 'n boomstomp vir Manuel gelos.<br>• nie vriende by die skool gehad waarvoor hy dit sou doen nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.15.1 | ironies | 1 |
| 6.15.2 | • Hendrik het nou begin wonder of Willem nie dalk regtig in kontak kom met die bonatuurlike/vreemde is nie.<br>• Hendrik het gewonder of die dorpsmense nie tog reg was oor Willem se vreemde gedrag nie.<br>• Hendrik het nou gewonder of daar nie dalk iemand is wat Willem by die toordery betrek nie.<br>• Hendrik verstaan self nie hoe Willem hierdie toertjies kon doen nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 6.15.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 6.15.2 te verdien.)* | 1 |
| 6.16 | • Willem het ...<br>o sy ouers skuur toe gevat om vir Manuel te ontmoet.<br>o besef Manuel is nie meer in die skuur nie.<br>o Manuel se naam gesê/gepraat.<br>• Manuel is deur Jan Mol en die ander dorpsmense gejag/geskiet.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE

| | | |
|---|---|---|
| 6.17 | Die dramaturg ...<br>• plaas emotiewe woorde in die neweteks/toneelaanwysings oor hoe Hendrik homself moet uitdruk.<br>• gebruik speelse woorde soos "klein klits", "stuitig", "bars uit van die lag" en "klap hande".<br>• laat Hendrik positief reageer op Willem se toertjies.<br>• laat Nollie en Emma los waarmee hulle besig is om die toertjies te kom sien.<br>• noem dat Katrien vir Willem teen haar vasdruk.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.18 | Dit was tot Emma se voordeel omdat sy ...<br>• kon sien dat daar tog goeie mense in die dorp was.<br>• kon sien dat Nollie nie die stories oor hulle geglo het nie.<br>• kon sien dat hy regtig ernstig oor haar was/'n verhouding met haar wou gehad het.<br>• kon sien dat hy haar gesin verstaan/aanvaar het.<br>• saam met hom die (volstruis)dans kon bywoon./nie die (volstruis)dans alleen hoef by te woon nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.19.1 | Manuel ...<br>• het gesond geword.<br>• het versorging/blyplek gekry/liefde/omgee ervaar.<br>• het iemand gehad wat hom probeer opbeur het.<br>• het iemand gehad wat sy klere/sak reggemaak het.<br>• kon finaal besluit om na sy geliefde sirkus toe terug te gaan.<br>• kon op die regte manier van Willem afskeid geneem het.<br>• het gesien hoe sy paljas in hierdie gesin gewerk het.<br>• het nie meer hartseer/depressief gevoel nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.19.2 | Ek het geleer dat ...<br>• 'n mens moet help waar jy nodig is.<br>• jy in 'n noodsituasie nie vra nie, maar help.<br>• jy jou kind moet gerusstel deur te help.<br>• jy in krisistye as gesin moet saamstaan.<br>• die gemeenskap se opinie in sulke situasies nie saak maak nie.<br>• jy nie mense moet oordeel nie, jy moet hulle eerder help.<br>• 'n mens nie alles hoef te beheer nie, jy moet jou medemens help.<br>• vreemdelinge vriende kan raak.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

EPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

| | | |
|---|---|---|
| 6.19.3 | • Aanvaarding tussen die dorpsmense en die McDonalds het plaasgevind.<br>• Die dorpsmense en die gesin het nou geweet wat die waarheid was/met 'n nuwe visie die toekoms ingegaan.<br>• Die gesin het vir Manuel/ouderling Botma en die dorpsmense in hulle huis verwelkom.<br>• In beide situasies verdwyn vooroordeel/aannames.<br>• Alles het vir almal positief geëindig.<br>• Die gesin en die dorpsmense kon nou hulself wees.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

**VRAAG 7: *FIELA SE KIND, DIE DRAMA* – Dalene Matthee**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 7.1.1 | Petrus/Zondagh/Petrus Zondagh | 1 |
| 7.1.2 | see | 1 |
| 7.1.3 | sewe/7 | 1 |
| 7.1.4 | Saterdag/veilig | 1 |
| 7.2.1 | ironies | 1 |
| 7.2.2 | Elias het vir Lukas …<br>• heeltemal anders behandel/slegter behandel as die mense in die Lange Kloof.<br>• geslaan/mishandel/getraumatiseer.<br>• geen opvoeding/skoolonderrig laat kry nie.<br>• nie genoeg en voedsame kos gegee nie.<br>• 'n slegte voorbeeld gestel.<br>• soos 'n slaaf laat werk/se kindwees gesteel.<br>• geen liefde gegee nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 7.2.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 7.2.2 te verdien.)* | 1 |
| 7.3 | C/hartseer oor waarmee Lukas nou moet saamleef. | 1 |
| 7.4 | Barta se optrede is reg, want …<br>• sy het na al die jare haar kind teruggekry en moet hom beskerm/ vir hom omgegee/moederlik optree/was bekommerd omdat hy so maer is.<br>• na jare kon sy die fokus op haar verlore kind plaas.<br>• sy het reeds begin twyfel/skuldig voel dat sy na die sensusman geluister het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15

| | | |
|---|---|---|
| 7.5 | Tant Gertjie ...<br>• was een van die buurvrouens.<br>• was nuuskierig om Lukas te sien.<br>• wou sien of dit werklik Lukas is.<br>• was daar toe die kind weggeraak het/was deel van die mense wat destyds na hom gesoek het.<br>• het moontlik na die ander kinders gekyk.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.6 | D/die laaste bietjie van Fiela wat van hom af weggevat word. | 1 |
| 7.7 | • Nina het vir Lukas ...<br>  o gesê om die olifante grootvoete te noem.<br>  o skrikgemaak deur in die Bos weg te kruip.<br>  o haar bottels/geheim gewys/op die bottels geblaas.<br>  o die pad Diepwalle/uit die Bos/Lange Kloof toe gewys.<br>  o gesê sy sal hom die pad uit die Bos wys as hy vir haar vyf sjielings gee.<br>• Lukas het vir Nina ...<br>  o gevra om vir hom die pad uit die Bos te wys.<br>• Lukas het weggehardloop.<br>• Elias het vir Lukas wat weggehardloop het, gaan soek.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.8 | • Nina het vir Elias vertel dat Lukas Diepwalle se kant toe is/wou wegloop.<br>• Deur vir Elias te vertel waarheen Lukas is, het sy die geheim verbreek.<br>• As sy die geheim gehou het, sou Lukas nie moes terugkom Bos toe nie./Elias het vir Benjamin agterna gesit en hom gevang.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.9 | Die dramaturg ...<br>• beskryf hoe Lukas vinniger loop as Elias en Barta/nie naby Elias en Barta loop nie.<br>• laat Lukas weg van Elias en Barta sit/nie nader kom as hulle hom roep nie/nie saam met hulle eet nie.<br>• laat Lukas baie min/amper glad nie/kortaf praat (nie).<br>• wys hoe bang Lukas vir die ander kinders was toe hulle aan hom gevat het/dat Lukas selfs die kinders geskop het/dat Lukas die heeltyd afkyk.<br>• noem dat Lukas sy vyf sjielings sou gebruik om uit die Bos te kom/sy pad uit te koop.<br>• het aangedui dat Lukas weggeloop het.<br>• het Lukas aanhoudend laat noem dat hy vir sy ma wag.<br>• dui aan dat Lukas lank gevat het/geforseer was om vir Elias en Barta Pa en Ma te sê./vir Elias Baas genoem.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.10.1 | E/... het reeds met die eerste ontmoeting besluit dat Fiela-hulle nie die waarheid vertel het nie. | 1 |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15

| | | |
|---|---|---|
| 7.10.2 | C/… het sonder simpatie opgetree en geweier om na logiese redenasie te luister. | 1 |
| 7.10.3 | A/… het onmenslik opgetree in situasies waar geduld en omgee nodig was. | 1 |
| 7.10.4 | B/… het besef dat dit beter is om op te tree soos die mense om jou as jy wil oorleef. | 1 |
| 7.11 | • Die boswagter het laat weet dat Lukas moontlik gevind is.<br>• Lukas is gestuur om Nina in die dorp te gaan soek.<br>• Nina het die nuus van Dawid se dood gebring.<br>• Lukas het vir Barta vertel dat hy by Fiela was.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 7.12.1 | • Fiela<br>• Benjamin se biologiese ma.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 7.12.2 | Barta bedoel dat …<br>• Lukas nie haar kind was nie.<br>• sy gedoen het waarvan Fiela beskuldig is/sy het 'n kind gesteel.<br>• sy die verkeerde kind gekies/gevat het.<br>• sy haar deur die sensusman laat lei het om die verkeerde kind te kies.<br>• sy in haar hart geweet het dat Lukas nie haar kind is nie.<br>• sy van die begin af vermoed/geweet het dat sy 'n fout gemaak het.<br>• sy later geweet het dat haar kind dood is.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.13 | • Barta het heeltyd daaraan gedink/skuldgevoelens gehad/kon nie meer die waarheid ignoreer nie/sleg gevoel oor wat sy gedoen het.<br>• Barta kon nooit van daardie gedagtes wegkom nie.<br>• Die gedagtes het Barta se lewe beheer/oorgeneem/oorheers.<br>• Dit was iets wat aan Barta gevreet het/haar nie wou los nie/haar siek gemaak het.<br>• Barta kon nie meer vir so lank lieg nie.<br>• Barta moes die waarheid praat/kon nie meer die geheim vir haarself hou nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.14.1 | ('n) Metafoor/Personifikasie | 1 |
| 7.14.2 | • Dit dui op die dood/sterfte/dat die kind oorlede is.<br>• Dit het gedui op 'n hoër mag wat die kind uit die lewe geneem het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15

| | | |
|---|---|---|
| 7.15 | Voordat Barta die waarheid gepraat het, ...<br>• was Lukas in die Bos vasgevang/kon hy nie by die Fiela-hulle bly nie.<br>• was Lukas onseker oor sy plek in die wêreld.<br>• was Lukas gespanne./het Lukas skuldig gevoel/was hy verward oor sy gevoel vir Nina./was Lukas net Nina se broer.<br>• het Lukas 'n verantwoordelikheid teenoor die Van Rooyens gehad.<br>• het Lukas heeltyd na sy identiteit gesoek.<br>• was Lukas mishandel/moes harde arbeid verrig.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>Nadat Barta die waarheid gepraat het, ...<br>• was Lukas vry van die Bos/Elias se mishandeling/kon nou 'n lewe vir homself maak.<br>• het Lukas geweet hy hoort by Fiela./kon hy weer Benjamin Komoetie wees.<br>• kon Lukas vir Nina sê hoe hy oor haar voel/sê dat hy lief was vir Nina./was hy nie meer Nina se broer nie.<br>• was Lukas nie meer verantwoordelik vir die Van Rooyens nie/het Lukas gevoel sy verantwoordelikheid lê by die Komoeties.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 7.16 | • Dit het vir Selling weer 'n rede gegee om te leef/gesond te word/aktief te wees.<br>• Selling het besef dat Lukas steeds hulle seun is/hom steeds as sy pa gesien het.<br>• Selling het die goedheid van die Here in Lukas se terugkeer, beleef.<br>• Selling kon sy trotswees op Lukas met Fiela deel.<br>• Selling kon weer dinge saam met Lukas doen waarvan albei gehou het, soos roei.<br>• Lukas kon help met dinge op die plaas (wat gewoonlik deur 'n man gedoen word).<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.17.1 | onseker | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

| | | |
|---|---|---|
| 7.17.2 | Barta is onseker, want sy weet nie ...<br>• wat Elias/Lukas se reaksie sou wees as sy hulle die waarheid vertel nie.<br>• hoe om te verduidelik waarom sy na die sensusman geluister het nie/nie haar eie gevoel/kop gevolg het nie.<br>• wat die nagevolge sou wees as Elias/Lukas geweet het dat sy die verkeerde kind gevat het nie.<br>• hoe om te verduidelik dat sy doelbewus die verkeerde keuse gemaak het nie.<br>• hoe om dit te regverdig dat sy die geheim al so lank gehou het nie.<br>• hoe om vir Lukas in die oë te kyk nadat sy eintlik sy gelukkige kinderlewe verwoes het nie.<br>• of sy dalk nou vir Lukas gaan verloor nie.<br>• hoe die magistraat teen haar gaan optree as hy sou uitvind sy het gejok nie.<br>• hoe die magistraat gaan reageer nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 7.17.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 7.17.2 te verdien.)* | 1 |
| 7.18 | Lukas het ...<br>• nie in hierdie situasie emosioneel gereageer nie.<br>• respekvol teenoor Barta opgetree, al was hy so kwaad.<br>• selfbeheersing toegepas/nie uiting gegee aan sy woede/gedagtes nie/nie baklei nie.<br>• geweet dat hy Fiela moes trots maak/se opvoeding ook in hierdie situasie moes respekteer.<br>• nie net op sy eie pyn gefokus nie.<br>• stilgebly omdat hy oorweldig was.<br>• volwasse opgetree.<br>• besef dat jy niks kan verander aan die verlede/besluite wat geneem is/deur ander geneem is nie.<br>• besef dat deur eerder weg te loop, ontlont jy situasies.<br>*(Enige een of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.19.1 | Lukas en Nina kon ...<br>• vry wees van die Bos (se onderdrukking en verdrukking).<br>• mekaar se liefde en toenadering aanvaar.<br>• hulle eie toekoms bepaal/leef.<br>• 'n lewe saam (op Wolwekraal) begin.<br>• regtig deel word van die dorpslewe.<br>• deel wees van 'n familie wat werklik vir mekaar omgee/lief is/opreg is.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |



DL AV
DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

| | | |
|---|---|---|
| 7.19.2 | Ek het geleer dat …<br>• jy nooit moet twyfel in wie jy is nie/jouself moet ken/moet weet wie jy is.<br>• jou identiteit jou keuse bly/niemand vir jou kan sê wie jy werklik is/moet wees nie.<br>• die antwoord op wie jy is in jou hart lê.<br>• jou identiteit niks te doen het met jou ras/velkleur nie.<br>• jy nie jou identiteit moet verander om ander mense tevrede te stel/gelukkig te maak nie.<br>• jou identiteit jou keuses in die lewe bepaal.<br>• as jy identiteitsloos is, sal jy nie weet waar jy hoort nie.<br>• jy nie moet ophou om jou ware identiteit te soek/vind nie.<br>• jou omstandighede nie bepaal wie jy is en wat jy van jou lewe gaan maak nie.<br>• jou identiteit jou maak wie jy is.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.19.3 | • Fiela kon nou die plaas wat sy vir hom wou gee, gegee het.<br>• Fiela en die Komoeties was nou regtig sy familie.<br>• Benjamin sou nie meer skaam hoef te wees oor 'n bruin vrou wat hom grootgemaak het nie.<br>• Fiela het klaar aanvaar dat Nina deel van Benjamin/hulle familie sou wees.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |
| | **TOTAAL AFDELING B:** | **35** |

## AFDELING C: KORTVERHALE

## VRAAG 8: *SPIEËLBEELDE*

### 8.1 "DIE DROOM" – Pierré Olivier

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 8.1.1(a) | drie | 1 |
| 8.1.1(b) | sielsalig/eensaam/alleen | 1 |
| 8.1.1(c) | Intercity | 1 |
| 8.1.1(d) | Vrystaat | 1 |
| 8.1.2 | B/opgewonde was oor wat die volgende paar dae sou gebeur. | 1 |
| 8.1.3(a) | ('n) Vergelyking | 1 |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15

| | | |
|---|---|---|
| 8.1.3(b) | Jaap hoop dat Julia se dogter ...<br>• hom sal aanvaar soos sy seun haar ma aanvaar het.<br>• ook van hom sal hou.<br>• vriendelik teenoor hom sal optree.<br>• die verhouding tussen hom en haar ma sal aanvaar/nie vir hom probleme sal veroorsaak nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.1.4 | Rienie ...<br>• het haar droom ernstig opgeneem.<br>• was bekommerd oor die drome wat nie wou ophou nie.<br>• se droom het haar erg gepla.<br>• was bang om te gaan slaap omdat sy bang was iets onheilspellends gaan in haar droom gebeur.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.1.5(a) | ironies | 1 |
| 8.1.5(b) | • Jaco het gesê dat Rienie vir hom haar droom moet vertel.<br>• Jaco het geluister na Rienie soos wat 'n sielkundige sou doen.<br>• Jaco het vrae gevra/vir Rienie met vrae gelei sodat sy meer kon vertel.<br>• Rienie het met Jaco gepraat om perspektief te kry.<br>• Jaco was nuuskierig om meer van die droom te hoor.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 8.1.5(a) moet reg wees om die punt by VRAAG 8.1.5(b) te verdien.)* | 1 |
| 8.1.6 | • Haar vriend/reisgenoot het opgedaag en langs haar kom sit.<br>• Die bus het vertrek.<br>• Oom Jaap was bekommerd dat Rienie se reisgenoot nie betyds gaan opdaag nie.<br>• Haar vriend het tussen haar en oom Jaap gesit.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.1.7 | Die skrywer laat Rienie ...<br>• se stemtoon so ernstig klink dat oom Jaap onwillekeurig luister.<br>• die droom in detail vertel/beskryf.<br>• die droom/droomproses bevraagteken.<br>• vrae vra oor die droom.<br>• die woord "droom"/"verder" baie gebruik (herhaal)/ "vervolgverhaal" gebruik om te wys dat die droom nie ophou nie.<br>• 'n kort vraag vra oor die manier waarop sy droom.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.1.8(a) | gespanne | 1 |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15

| | | |
|---|---|---|
| 8.1.8(b) | Rienie …<br>• was te bang om te gaan slaap.<br>• was onrustig en bang sy droom weer.<br>• het 'n ongemaklike/onheilspellende gevoel gekry toe sy laas gedroom het.<br>• was bang dat iets vreesliks in haar droom/nou in die bus gaan gebeur.<br>• het 'n nare/slegte voorgevoel gehad.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 8.1.8 (a) moet reg wees om die punt by VRAAG 8.1.8(b) te verdien.)* | 1 |
| 8.1.9 | C/'n nuwe begin | 1 |
| 8.1.10(a) | • Rienie en Jaco kon lekker gesels.<br>• Rienie kon haar droom met Jaco deel/kon nader aan mekaar kom.<br>• Rienie en Jaco kon uitsien na 'n kuier saam met hulle vriende.<br>• Rienie en Jaco kon die busrit vir hulleself korter maak/hulle aandag aftrek van die reën wat die busrit gevaarlik kon maak.<br>• Daar was nie 'n ongeluk op die pad gewees nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.1.10(b) | Ek het geleer dat …<br>• die lewe altyd vir jou 'n nuwe kans gee.<br>• daar tweede kanse op geluk is/jy nooit te oud vir tweede kanse is nie.<br>• jy nie bang moet wees om iets nuuts te doen nie.<br>• jy altyd nuwe mense op jou reis kan ontmoet.<br>• jy moet vrede maak met jou verlede/die afsterf van 'n geliefde.<br>• die lewe aangaan.<br>• jy oor nuwe geleenthede opgewonde mag raak.<br>• dit nie verkeerd is om te droom nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.1.10(c) | • Die name van die persone waaroor Rienie gedroom het, stem ooreen met die name van sy pa, Jaap, se broer/Theunis/sy oom en dié se nooi, Marrie/Maria, wat verongeluk het in hul vriende se motor toe die brug weggespoel het.<br>• Rienie se droom en oom Jaap se familiegeskiedenis stem met mekaar ooreen.<br>• In albei se drome is daar iets onheilspellends.<br>• Dit gaan oor dieselfde mense.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15

8.2 **"DIE VLEK" – Piet Nell**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 8.2.1 | • 'n Onbekende vlek het chaos in die middestad veroorsaak.<br>• Baie rampe het Limpopo, Mpumalanga en die Wes-Kaap getref.<br>• Die aand van die Kunstefees het instrumente deur die lug gevlieg.<br>• Wetenskaplikes het konferensies gehou oor hoe die vlek gebruik kan word.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br><br>1<br><br>1 |
| 8.2.2 | Henry ...<br>• kon nie genoeg om hom rondkyk nie.<br>• kon nie gewoond raak aan alles wat hy kon sien nie.<br>• het net aanhou rondkyk asof hy nie genoeg kon kyk nie.<br>• was besig om sy kyklus te bevredig soos iemand wat dors is/ sy dors wou les.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.2.3(a) | • Die inwoners van die stad<br>• Die stadsmense/mense wat in die provinsie woon.<br>• Die mense wat in Egoli/Johannesburg gebly het.<br>• Die mense wat daardie roete na hulle werk gebruik/in die area werk.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.2.3(b) | • Daar word gevra dat die mense nie naby die ongeluksarea gaan nie.<br>• Die mense word gevra om weg te bly van die gebied waar daar probleme is.<br>• Die mense word gevra om nie uit nuuskierigheid na die onveilige area te gaan nie.<br>• Die mense word gewaarsku dat dit nie veilig in daardie area is nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.2.4 | • Die professor kon al vroeër gehelp het met die navorsing.<br>• Henry sou vinniger antwoorde gekry het of die vlek hom gehelp het of nie.<br>• Sy ouers kon gouer wetenskaplike antwoorde vir die kind se kuur gehad het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.2.5 | Die lyfwagte ...<br>• het 'n lewende kordon om hom gevorm/om hom gestaan om hom te beskerm.<br>• het hulle wapens uitgepluk om hom te beskerm.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE

| | | |
|---|---|---|
| 8.2.6 | Die siek en gestremde mense …<br>• het gesond geword/is genees van hulle siektes.<br>• wat blind was, kon weer sien/weer loop.<br>• kon nou glimlag/juig.<br>• het gesond van operasietafels afgeklim/uit die hospitaal geloop.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>Die gesonde en normale mense …<br>• het siek/mal geword/allerhande simptome gekry.<br>• het verskriklike hoofpyne/skerp brand in die oë gekry.<br>• was ontsteld/vererg/boos/aggressief.<br>• soos dokters en administratiewe personeel/die verkeerskonstabel het beheer verloor en aggressief opgetree/mense geskel en goed rondgegooi/na die vlek geskiet.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 8.2.7(a) | B/… het oorreageer omdat hy altyd oral in die stad in beheer wou wees. | 1 |
| 8.2.7(b) | C/... het iemand fisies aangerand omdat mense mekaar rondgestamp het. | 1 |
| 8.2.7(c) | E/… het almal uit frustrasie verskree en kon nie normaal funksioneer nie. | 1 |
| 8.2.7(d) | A/… het aggressief opgetree as iemand die blinde aangespreek het. | 1 |
| 8.2.8 | Henry en sy gesin …<br>• kon nou aangaan as 'n gesin waar Henry ook kon sien.<br>• kon met dankbaarheid sy sig vier.<br>• kon saam die natuur/televisie/kleure geniet.<br>• kon openlik praat oor die wonder wat hulle lewens positief verander het.<br>• hoef nie meer oor sy veiligheid bekommerd te wees nie.<br>• was nie meer van mekaar afhanklik nie.<br>• het nou vir Aiku as 'n troeteldier gehad in plaas van 'n gidshond.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

| | | |
|---|---|---|
| 8.2.9 | Die verkeerskonstabel …<br>• was altyd aan diens.<br>• het nooit sy werk afgeskeep nie.<br>• het wet en orde gehandhaaf.<br>• het gehelp waar hy kon, al was hy kwaai.<br>• het 'n goeie diens gelewer aan die stadsmense.<br>• was altyd op sy pos.<br>• het niemand en niks in sy pad laat staan om sy werk behoorlik/pligsgetrou te doen nie.<br>• het selfs probeer om sy stad/mense teen 'n onbekende verskynsel te beskerm.<br>• het seker gemaak almal is altyd veilig<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **35** |

## AFDELING D: GEDIGTE

## VRAAG 9: *VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL*

### 9.1 "WETENSKAPSMANNETJIES" – Antjie Krog

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 9.1.1(a) | (liewe) Menere | 1 |
| 9.1.1(b) | want/pateties/daarom | 1 |
| 9.1.1(c) | tennisbaan | 1 |
| 9.1.1(d) | huiswerk | 1 |
| 9.1.2 | Hulle vertel dat die son gaan inkrimp/eendag gaan verdwyn/julle gaan nooit daar kom nie.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Direkte aanhalings word nie aanvaar nie.)* | 1 |
| 9.1.3 | "Pateties bepaal julle dan die ligjare"<br>*(Penaliseer nie as die versreël nie tussen aanhalingstekens is nie.)* | 1 |
| 9.1.4 | In die natuur/hoog op die windpomp/buite/op 'n plaas | 1 |
| 9.1.5 | • Die herhaling (van "hoe")<br>• Die gebruik van personifikasie.<br>• Die woordgebruik "bloei"; "gloei"; "verskroei"<br>• Assonansie/herhaling van "oe"/"oei"-klank<br>• Progressie (in rymwoorde).<br>• Gebruik van woorde wat 'n harde betekenis het.<br>• Die eindrym/(werk)woorde wat rym.<br>• Antitese/teenstelling/kontras (kleurlose lug word pragtig/rooi).<br>• Die versreëls raak langer/tipografie./Die reëls is nie ewe lank nie.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE

| | | |
|---|---|---|
| 9.1.6 | Die son ...<br>• bloei/"bloei"<br>• stamp sy kop/"sy kop stamp"<br>*(Penaliseer nie as die antwoord nie tussen aanhalingstekens is nie.)* | 2 |
| 9.1.7 | • Geen vaste rympatroon nie.<br>• Geen vaste rymskema nie.<br>• Geen vaste strofelengtes nie.<br>• Versreëllengtes/sinslengtes verskil.<br>• Min leestekengebruik.<br>• Min hoofletters.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 9.1.8 | C/sarkasties | 1 |
| 9.1.9 | • Die spreker dink wetenskaplikes kyk sonder enige emosie na die omgewing.<br>• Die spreker bewonder die natuurskoon.<br>• Die spreker vertel waarom hy/sy nie goed is in wetenskap nie.<br>• Die spreker gee redes waarom hy/sy so negatief oor die wetenskaplikes is.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 1<br><br>1<br>1<br>1 |
| 9.1.10 | • Die digter gebruik die woord wetenskap.<br>• Die digter gebruik woorde soos kwadreer/logaritme/syfers. (Wetenskap)<br>• Die digter gebruik wetenskaplike terme soos swart teleskope, ligjare bepaal, ens.<br>• Die digter gebruik natuurbeelde om die spreker se opinie oor wetenskap te beskryf.<br>• Die spreker voel juis dat 'n wetenskaplike verduideliking nie nodig is om die natuurskoon te geniet nie./Jy hoef nie iets te verstaan of te verduidelik om te besef dat dit mooi is nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**9.2 "HAAR UITVAART" – PJ Philander**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 9.2.1 | • Die vroulike vorm "haar" in die titel ✓ skakel met die persoon in strofe 1 wat kom haal word/verwys na dieselfde persoon. ✓<br>• Om weg te gaan/uit te vaar/dood te gaan in die titel ✓ skakel met die idee van iemand wat weg is/kom haal word/besig is om dood te gaan/te sterf. ✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Verwys in jou antwoord na die titel EN strofe 1.)* | 2 |
| 9.2.2 | "vuisies klein"<br>*(Penaliseer nie as die woorde nie tussen aanhalingstekens is nie.)* | 1 |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINES

| | | |
|---|---|---|
| 9.2.3 | • Die rympatroon wat hier gebruik word, is paarrym.<br>• Die rymskema is aa bb cc, ens.<br>• Die gedig bestaan uit rymende koeplette.<br>• Die woorde in elke strofe rym met mekaar, byvoorbeeld "gemaal" en "haal". *(Enige ander strofes kan ook so aangehaal word.)*<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 9.2.4(a) | onrustig | 1 |
| 9.2.4(b) | • Sy het gehoop/met haar ogies gevra/gesmeek dat iemand haar moet help/haar pyn moet laat ophou.<br>• Die spreker kon in haar ogies sien dat sy bang was.<br>• Sy het baie pyn gehad.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 9.2.4(a) moet reg wees om die punt by VRAAG 9.2.4(b) te verdien.)* | 1 |
| 9.2.5(a) | Die dood is daar/sy word stadig uit die lewe weggeruk/dui op die proses van doodgaan.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 9.2.5(b) | • Die dogtertjie is nou weg/dood/deur die doodsengel kom haal/ proses is voltooi.<br>• Hier word die dood op sy naam genoem (en nie meer van voëltjies gepraat nie).<br>• Die dogtertjie het gesterf.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Direkte aanhalings word nie aanvaar nie.)* | 1 |
| 9.2.6(a) | • Om die "help" met voorplasing uit te hef.<br>• Die leser betrokke te laat voel/in te trek om te besluit waarvoor hulp gevra word.<br>• Die spreker wil sy emosies uitdruk/onder beheer kry./Dit maak die spreker se emosies geloofwaardig/realisties.<br>• Dit is vir die pa moeilik om te praat.<br>• Die pyn is aanhoudend/kan nie gestop word nie.<br>• Dit vertraag die leestempo.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 9.2.6(b) | Die pyn is nou finaal stil/die dood het haar kom haal/sy is dood/ sy het nie meer pyn nie.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Direkte aanhalings word nie aanvaar nie.)* | 1 |
| 9.2.7(a) | C/eufemisme | 1 |
| 9.2.7(b) | A/inversie | 1 |
| 9.2.7(c) | D/wending | 1 |
| 9.2.8(a) | Ek het hartseer/treurig/droewig/angstig/ontsteld/jammerte/simpatie gevoel/verlig gevoel (omdat haar pyn verby is).<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |



EPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE

| | | |
|---|---|---|
| 9.2.8(b) | Die pa …<br>• was die heeltyd in hierdie stryd saam met sy dogter.<br>• het alles in sy vermoë gedoen om haar te probeer help.<br>• het so vinnig as moontlik by die hospitaal probeer uitkom/ vinniger as die dood by die hospitaal probeer uitkom.<br>• het sy dogter bygestaan alhoewel hy niks vir haar kon doen nie.<br>• kon sien dat daar fout was met sy dogter, al het sy nie vir hom gesê nie/het haar oë- en liggaamstaal verstaan.<br>• het by God se wil berus.<br>• fokus op sy dogter en nie op homself nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 9.2.9 | Die rol van "Sy wil" wys daarop dat …<br>• die pa nie 'n keuse gehad het om die situasie te verander nie.<br>• die pa nie sy kind kon help nie.<br>• die "ek" en die "Sy" se wil nie dieselfde was nie.<br>• die pa magteloos was teen dit wat die "Sy" besluit het/die groter mag.<br>• die gedig juis handel oor 'n groter mag wat oor die lewe en dood besluit.<br>• die hoofletter in "Sy" aansluit by die grootheid/magtigheid van dit wat nou gebeur.<br>• die pa gelowig is.<br>• dit God se plan/wil was dat die dogtertjie moes sterf.<br>• ons lewens in God se hande is.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 9.2.10 | • Niemand spring die dood vry nie.<br>• Ek moet probeer om die dood in 'n sagter lig te stel.<br>• Ek moet weet selfs in die dood is ek nie alleen nie.<br>• Ek moet weet dat my tyd my tyd is, maak nie saak wat ek doen om dit te vermy nie.<br>• Ons bepaal nie ons eie eindtyd nie./Die dood kom enige tyd.<br>• Somtyds bring die dood verligting van pyn.<br>• Dit leer ons om meer simpatiek te wees teenoor ouers wat hulle kinders verloor het.<br>• Daar is soms situasies in ons lewens waaraan ons niks kan doen nie.<br>• Ons gaan almal geliefdes aan die dood afstaan.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |
| | **TOTAAL AFDELING D:** | **35** |
| | **GROOTOTAAL:** | **70** |

EPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION